

5 Julie

Skrifgedeelte: Jesaja 40:12-17

Fokusgedeelte: Jesaja 40:12

God, ons Skepper, bring lig in duisternis

Ons ervaar ons moeilikheid intens wanneer die nag en ons duister omstandighede een word. Die eerste skynsel van die nuwe dag bring intense verligting.

Jesaja gaan in opdrag van die Here na sy volk in ballingskap. Die een koning het al die ander opgevolg. Een koninkryk het selfs die ander vervang. Hulle was egter steeds in ballingskap. Hulle toekoms was duister. Hulle het gewonder: Wie is in beheer – God of die gode van die nasies wat ons verkneeg?

Hoor die troosboodskap: Kyk, die dag begin breek! God maak 'n nuwe begin met ons! Jesaja vra wie die water van die see met die holte van sy hand afgemeet het. Daarna wie die blou lug met sy handspan afgemeet het. Laastens wie die grond van die aarde met sy berge afgemeet het.

As boumeester het God die skepping beplan. As almagtige Skepper het Hy sy plan volmaak uitgevoer. Hy verlos. Hy begin nuut met ons. Hy verdryf die duister met sy lig. Dit sien ons duidelik in die donkerste oomblik in die geskiedenis. Drie uur lank was daar oor die hele land duisternis toe die nasate van hulle wat na Jesaja geluister het, besig was om God se Seun dood te maak. God almagtig gebruik juis die dood van sy Seun om lig in ons sondeduisternis te bring.

Sit jy vasgevang in moeilike omstandighede? Lig onder leiding van die Heilige Gees jou kop op. Sien God, die Almagtige, raak. Hy begin nuut met ons. Hy verander ons omstandighede ten goede.

Sing: Psalm 33:2, 3 (2001)

Ds JH Jordaan (Kimberley)